kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

### Aansteek van die kerse

**Lied 284**

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

*Refrein (slegs na strofes 1 en 2)*
*O Heer, help my om altyd so te leef –*
*om ander hoër as myself te ag,*
*ja, om lief te hê – ander bo myself –*
*en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

## Woorddiens

### Tema: Reiniging. Van wat vandag?

### Skriflesing: Johannes 2:13-22

### Broodjies vir die pad

"The non-doing of any evil,
the performance of what's skillful,
the cleansing of one's own mind:
this is the teaching of the Awakened. "
— Gautama Buddha, The Dhammapada

"I love weather. I'm a connoisseur of weather. Wherever my travels take me, the first thing I do is turn on the weather channel and see what's going on, what's coming. I like to know about regional weather patterns, how storms are created in different altitudes, what kinds of clouds are forming or dissipating or blowing through, where the winds are coming from, where they've been. That's not a passion everybody shares, I know, but I don't believe there are any people on earth who, properly sheltered, don't feel the peace inside a summer rain and the cleansing it brings, the renewal of the earth in its aftermath."
— Johnny Cash, Cash

"My point, once again, is not that those ancient people told literal stories and we are now smart enough to take them symbolically, but that they told them symbolically and we are now dumb enough to take them literally."
— John Dominic Crossan, Who Is Jesus? Answers to Your Questions About the Historical Jesus

---

**Liefde is**

wanneer 'n engel en 'n alien
mekaar ontmoet
leer om mekaar met respek te groet
die hart van die ander voel
die taal van die ander leer praat
mekaar verstaan
vlerke en skoene ruil
in mekaar se lewens
klim
loop
vlieg
om saam te lag
en te huil

*Estelleke*

---

"...we rarely confide in those who are better than we. Rather, we are more inclined to flee their society. Most often, on the other hand, we confess to those who are like us and who share our weaknesses. Hence we don't want to improve ourselves and be bettered, for we should first have to be judged in default. We merely wish to be pitied and encouraged in the course we have chosen. In short, we should like, at the same time, to cease being guilty and yet not to make the effort of cleansing ourselves."
— Albert Camus

---

### In Amsterdam is ek jaloers, maar . . .

*André Damons*

Ek is jaloers op Amsterdam, want die lewe lyk so maklik, eenvoudig en welvarend hier. Alles is perfek en werk soos dit moet. Almal weet wat om te doen, wat van hulle verwag word en doen presies dít.

Ek is jaloers op die openbare vervoer. Die netjiese blou trems en busse wat altyd betyds is en elke vyf tot tien minute iewers na 'n ander deel van die stad vertrek. By die sentrale treinstasie loop die trein met reëlmaat ook meestal sonder enige probleme. Enige dag en enige tyd kan jy op 'n bus, trem of trein klim en vinnig en betyds by jou bestemming kom.

Die vervoermiddels is nie net betroubaar nie, maar dit is ook veilig, netjies en skoon. Alles word in stand gehou – van paaie, openbare parke en geboue, tot horlosies in kerktorings.

Ek is jaloers omdat jy in 'n vreemde woonbuurt kan ronddwaal sonder dat die plaaslike buurtwag jou voorkeer en vra wat jy in die omgewing doen en waarheen jy op pad is.

Jong kinders ry oral op fietse, en vroue en meisies stap sorgvry en alleen met honde rond. Jy kan saans laat van die Centraal Station, kroeg of kuierplek stap sonder om vir jou lewe te vrees. Hier sien jy nog van die straat af in ander se huise in, want daar is nie hoë mure wat misdadigers moet uithou nie.

Ek is jaloers dat byna elke woonbuurt 'n park het, skoon en netjies, wat jou uitnooi en welkom heet. Elk met sy eie dam vir ganse en ander voëls. Daar is bankies om op te sit en na die

voëls te kyk, klimrame, rondomtalies, wipplanke, swaaie en ander lekker speelplekke vir kinders. Daar is voetpaadjies vir wandelaars, drawwers en fietsryers en plek vir honde wat vry rondhardloop.

Mense voel op hul gemak en veilig. Toeriste loop rond met kameras om hul nekke, selfone in die hand. Winkels en ondernemings is tot laataand oop sonder om bekommerd te wees oor of hulle beroof gaan word.

Ek is jaloers dat jy sonder vrees vir padwoede, ongelukke en rooftogte per fiets werk, skool, dorp en kerk toe kan ry.

Dat jy self jou kos op ’n rekenaarskerm in McDonald’s kan bestel of self vir jou kruideniersware in ’n supermark kan betaal sonder om oor die onvriendelike kassier te wonder.

Jy kan jou motor (of fiets) parkeer sonder ’n lastige karwag of jou elektriese motor laat laai terwyl jy koffie of ’n bier drink of inkopies doen.

Ek is jaloers op al die kuns en geskiedenis in die stad. Jy kan inkopies doen in ’n gebou wat van buite soos ’n paleis lyk en ’n erediens bywoon in ’n kerk wat in 1565 gebou is. Byna elke woonbuurt en dorp het sy eie geskiedenis en om dit te verken is ’n avontuur op sy eie.

Ek is jaloers op die kanale, brûe, museums en Damplein. Ek is jaloers op die museums, die klein kroeë en koffiewinkels wat byna altyd stampvol is.

Ek is veral jaloers op die reën wat byna weekliks in Amsterdam die aarde benat en die damme vol water hou.

Nou wonder ek net hoekom ek so na Suid-Afrika en Bloemfontein verlang.

*Damons, Netwerk24-verslaggewer van Volksblad, is as deel van ’n kulturele verrykingsprogram vir twee maande in Zuid-Afrikahuis in Amsterdam gebaseer.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/in-amsterdam-is-ek-jaloers-maar-20180221

---

“Scapegoating worked in practice while it still had religious powers behind it. You loaded the sins of the city on to the goat’s back and drove it out, and the city was cleansed. It worked because everyone knew how to read the ritual, including the gods. Then the gods died, and all of a sudden you had to cleanse the city without divine help. Real actions were demanded instead of symbolism. The censor was born, in the Roman sense. Watchfulness became the watchword: the watchfulness of all over all. Purgation was replaced by the purge.”

— J.M. Coetzee, Disgrace

“God has left sin in the world in order that there may be forgiveness: not only the secret forgiveness by which He Himself cleanses our souls, but the manifest forgiveness by which we have mercy on one another and so give expression to the fact that He is living, by His mercy, in our own hearts.”

— Thomas Merton, No Man Is an Island

## Brood vir die pad

### Die antwoord op ‘Wat sou Jesus doen?’ nie maklik

What Would Jesus Do? Só lui die subtitel van Charles Sheldon se boek In His Steps. Dié boek, geskryf in 1896 deur ’n predikant in Topeka, Kansas, het na raming al meer as 30 miljoen eksemplare verkoop.

En die subtitel word deesdae veral weens die hele “WWJD”-bedryf (armbandjies, plakkers, en so meer) onthou.

Die eerste hoofstuk van In His Steps vertel van ’n erediens in die spoorwegdorp Raymond, waar die koor roerend die lied “Jesus, I my cross have taken / All to leave and follow Thee” sing.

Hierna volg die predikant se treffende preek oor 1 Petrus 2:21: “Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely het . . . sodat julle in sy voetspore kan volg.”

Ná die preek word die rustigheid van die erediens egter versteur wanneer ’n hawelose man vir die verbaasde gemeente sy tragiese lewensverhaal vertel. Hy het sy werk verloor, sy vrou is oorlede, en hy kan nie meer vir sy dogter sorg nie.

En dan sluit hy af: “It seems to me there’s an awful lot of trouble in the world that somehow wouldn’t exist if all people who sing such songs went and lived them out. I suppose I don’t understand. But what would Jesus do?”

Hierna sak die man inmekaar, en sterf later, maar sy vraag leef in die gemeente voort.

’n Dekade of wat gelede verskyn ’n boek van die filosoof John D. Caputo met die prikkelende titel What Would Jesus Deconstruct?

Die boek bied ’n aantal filosofiese kantaantekeninge (veral in gesprek met Jacques Derrida se denke) tot Sheldon se boek. Caputo erken In His Steps het beperkte literêre meriete (Charles Sheldon is beslis nie Charles Dickens nie), maar tog moet die boek se vraag nie te gou afgemaak word nie, veral omdat dit die oproep tot radikale sosiale geregtigheid oophou.

Deur met die vraag “Wat sou Jesus doen?” te bly worstel, stel ons onsself oop vir die logika van die koninkryk wat – in Caputo se woorde – te vinde is daar waar ’n oortreding vergewe word, waar ’n vreemdeling verwelkom word, waar ’n vyand omhels word, waar ’n wet geregtigheid dien, en waar ’n profetiese stem teen ongeregtigheid opklink.

En, suggereer Caputo elders in sy boek, ons moenie te gemaklik en selfversekerd met die vraag “Wat sou Jesus doen?” omgaan nie.

Want een antwoord op die vraag wat Jesus vandag sou doen, kan dalk juis wees dat hy ’n hele aantal van die dinge wat ons “in die naam van Jesus” doen, sou dekonstrueer. – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-antwoord-op-wat-sou-jesus-doen-nie-maklik-20180223

---

“Christ is the norm, the criterion, the purpose, and the meaning of the book. The book points to Christ; Christ does not point to the book. We are not the People of the Book; we are the People with the Book. The Gospel of John does not say, “God so loved the world that he gave us” a book (3:16). The Revelation of John does not say that we are saved “by the ink of the Lamb” (12:11). For over a hundred years Christians have asked WWJD? (What Would Jesus Do?) and not WWBS? (What Would the Bible Say?). If Christ is the norm of the gospel, then he is also the norm of the New Testament, and of the entire Christian Bible. That, of course, is why we are called Christ-ians and not Bible-ians.”

— John Dominic Crossan, The Greatest Prayer: A Revolutionary Manifesto and Hymn of Hope

**Lied 526**

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
*Ubi caritas, et amor*
*ubi caritas, Deus ibi est.*

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877